# SAHARA-AVONTUUR REEKS

NO 30
## NOODROEP UIT DIE WOESTYN



Hoofstuk | Bladsy


1. Vreemde Boodskapper .............................. 5
2. Die Boodskap ..................................13
3. Drie Reisgeselle ..............................22
4. 'n Britse Dame ................................31
5. Rede vir Haar Reis ............................39
6. 'n Oase het Gesterf ...........................47
7. Spore in die Sand .............................55
8. Marteling deur die Son ........................62
9. 'n Nuwe Wêreld ................................70
10. In die Kerker ................................79

## Hoofstuk 1

# VREEMDE BOODSKAPPER

In die groot Arabierse kafee in Dini Salam, die garnisoendorp van die Franse Vreemdelegioen in die Suidelike Sahara, is daar vanaand 'n groot gedrang.

'n Hele aantal van die manne van die garnisoen het vrye passe en daar is 'n buitengewone gedrang van Arabiere omdat 'n groot kameelkaravaan vanmiddag uit die woestyn aangekom het. Daar is 'n oorverdowende gebabbel, gelag en gepraat en die stroperige soet wyn waarvoor die Arabiere so lief is, vloei vryelik.

Vir die klomp manne van die Vreemdelegioen wat in die kafee sit, is dit maar 'n aand soos alle ander aande. Hulle kom hierheen nie omdat hulle daarvan hou nie maar omdat dit tog op die een of ander manier 'n bietjie afleiding verskaf. Hier tussen die vlieë en die hitte, hier tussen al die geure en kleure is daar tog iets anders te sien as in die slaapvertrek van die vesting van Dini Salam.

Buitendien, hier tref die manne af en toe 'n bietjie opwinding aan. Twee Arabiere wat miskien aanmekaar spring of 'n Arabier en 'n soldaat van die legioen, of heel moontlik 'n groep Arabiere en 'n groep manne van die legioen. In plekke soos hierdie smeul die vyandskap tussen Arabier en soldaat maar steeds.

By 'n tafel langs die muur, nie ver van die ingang af nie, sit 'n paar manne wat gewoonlik bymekaar is. Hulle het hegte en intieme vriende geword in die Vreemdelegioen. Daar is die groot Duitser Fritz Mundt, daar is die Engelsman Jack Ritchie, daar is die klein Italianertjie Petacci, daar is die Pool Podolski en dan is daar die Suid-Afrikaner in die Vreemdelegioen, Teuns Stegmann.

Waar die een gaan, gaan die ander. So is dit met die paar manne gesteld. In die Sahara het hulle al saam-saam die gevaarlikste en bloedigste ondervindinge deurgemaak. Daar is nie een van hierdie paar wat in hul loopbaan hier in die woestyn nog nie 'n bydrae gelewer het om die een of die ander se lewe te red nie.

Teuns Stegmann, die lang, lenig geboude man uit Suid-Afrika, en sy paar maats het vanaand nie veel erg aan wat om hulle aangaan nie. Hulle drink van die soet Arabierse wyn en van die dik swart koffie en hulle speel 'n handjie kaart. Daarom hoor hulle skaars die geraas in die kafee, hoor hulle skaars die vervelige Oosterse musiek, en daarom is hulle nie eens bewus van die gedrang om hulle nie. As 'n man hier kaart speel vir geld, en as 'n man hier baie verloor, dan kan dit beteken dat jy 'n paar maande se soldy moet uitbetaal.

Omdat hulle so in hul spel verdiep is, gewaar hulle nie die man wat in die deur aandagtig na hulle staan en kyk nie. Hy is 'n Arabier, skraal en lank gebou, met 'n opvallende arendsneus en twee diep, vonkelende oë.

Van hom word weliswaar nie veel notisie geneem selfs deur sy landgenote nie, want hy is 'n bedelaar. Sy skouers is gekrom net soos sy rug, en hy staan daar met die hande bak.

Niemand gee aan hom enige aandag nie omdat bedelaars in plekke soos hierdie nie 'n ongewone verskynsel is nie. Hulle weet goed genoeg dat manne wat 'n vrolike aandjie hier kom deurbring, dikwels nogal vrygewig is en jou 'n muntstuk in die hand stop wanneer jy daarom vra.

Die eienaars van die kafee is oor die algemeen streng teenoor bedelaars wat die kafees self binnedring. Maar daar is andere, soos die eienaar van hierdie kafee, wat nie omgee nie. Vir hom is





die bedelaars 'n deel van die lewe.

Dit is toe Teuns eenmaal van die kaartspel af opkyk, dat hy die man raaksien.

Deur die jare is Teuns Stegmann se sintuie in die woestyn so ingeskerp dat hy dikwels 'n ding raaksien wat iemand anders sou laat verbygaan het. Daarom kyk hy 'n oomblik aandagtig na die bedelaar daar by die deur. Daar is iets aan die man wat sy aandag gevange hou.

Die Suid-Afrikaner weet self nie waarom nie, maar daardie bedelaar lyk vir hom 'n bietjie anders as die gewone bedelaar wat jy hier aantref.

Miskien is dit nie die man se voorkoms soseer as sy oë wat Teuns gevange hou nie. Dit lyk asof die man met sy oë aan die Suid-Afrikaner iets wil meedeel, iets aan hom wil oordra.

Teuns kyk nog so na die Arabier, toe kom hy deur die gedrang aangestap.

Stadig en met 'n soort sluipende beweging maar uiters doelbewus. Teuns vererg hom onmiddelik. Dit is soos bedelaar is. Hy sal daar in die agtergrond vertoef, maar die oomblik wanneer hy gewaar dat jy die minste notisie van hom neem, skiet hy op jou toe soos 'n aasvoël wat iets gewaar het.

Toe die man nader gestap kom, voel Teuns 'n prikkeling deur sy liggaam, 'n gevoel wat om die beurt koud en warm is. "Ons kry 'n besoeker," sê Teuns en toe kyk die ander ook op.

"Ek steek die vuilgoed sommer met die mes," dreig Petacci. "Hulle kan 'n mens nooit met rus laat nie."

Sy woorde weerklink nog, toe is die Arabier hier langs hulle. Teuns haal by voorbaat 'n muntstuk uit en hou dit gereed. Hy weet dit is die enigste wyse om gou van hierdie skepsel ontslae te raak. Stop hulle 'n muntstuk in die hand en hulle laat jou met

vrede.

Die bedelaar kom steek hier by hulle vas in kenmerkende houding. Die oë is smekend op hulle gerig, die liggaam is gekrom, die twee hande is teenmekaar vasgevat en hy maak 'n vriendelike buiginkie.

"Maak dat jy wegkom," grom Frits Mundt. "Maak dat jy onmiddelik hier wegkom. Ons is aan kaartspeel en ons is nie in die luim vir bedelaars nie."

Die man buig net laag, knik 'n slag en buig weer laag.

Frits Mundt kom half orent om die bedelaar te lyf te gaan, maar Teuns weerhou hom onmiddelik.

"Wag 'n oomblik, ou grote," sê hy. "Stadig 'n bietjie oor die klippe. Moenie altyd so haastig wees nie, man."

'n Oomblik kyk hy in die bedelaar se oë en hy sien iets flits wat hom baie interesseer.

Hy weet self nie wat dit is nie, maar die man se teenwoordigheid het vir hom 'n besondere betekenis.

Toe doen die bedelaar die buitengewone ding.

Hy skiet tussen Teuns en Petacci in. Maak asof hy 'n muntstuk op die tafel opraap sodat Podolski sy hand vinnig uitstoot om dit te verhinder. Op die tafel lê 'n hele klompie geld waarmee die manne speel. Hul eerste indruk is dat die man van die geld wil skraap.

Party van hierdie Arabierse bedelaars is ongelooflik vermetel. Hulle sal jou melk uit jou koffie steel as jy nie oppas nie. Hulle sal jou ore van die kop steel.

Maar die volgende oomblik is die páar manne verbysterd daar.

Die Arabier het nie 'n muntstuk opgegryp nie. Hy het nie eers probeer om dit te doen nie. Pleks daarvan het hy iets op die tafel





neergelê. Dit het so vinnig gebeur, so onopsigtelik soos net 'n Arabier dit kan doen. Hy het net een beweging met sy hande gemaak sodat dit lyk asof hy geld opraap, maar met daardie beweging het hy die ding tussen hulle op die tafel neergelê.

Net 'n oomblik kyk hulle daarna en toe Teuns weer opkyk, het die Arabier verdwyn. Verdwyn soos 'n skaduwee.

Die manne kyk verwese na mekaar. Daar tussen hulle in die middel van die tafel lê 'n klein voorwerp in 'n velsakkie. 'n Klein netjiese velsakkie.

Petacci steek sy hand eerste na die voorwerp uit.

"Jy beter versigtig wees," sê Fritz Mundt.

"Vir al wat jy weet, is dit 'n sandadder wat hy in daardie sak het. Die vuilgoed skroom mos nie wat hulle doen nie."

"Dalk is dit 'n klein atoombom," merk Jack op.

Maar hoewel hulle sit en grappe maak daaroor, hou die klein voorwerp hul aandag gevange en voel hulle almal maar 'n bietjie skrikkerig om dit aan te raak. Hulle ken almal die lis en die sluheid van die Arabier.

Die feit dat die bedelaar so vinnig verdwyn het vul hulle met 'n diepe agterdog. Hulle kyk rond maar daar is nou geen teken van hom nie.

Net soos 'n rookdampie het hy sommer hier by hulle weggeraak.

"Nou ja, kêrels," sê Teuns eindelik.

"Dit help nie dat ons vir die ding sit en kyk nie. Dit lyk vir my ons is bang hy gaan ons byt. Wat dink jy is dit, ou grote?" vra hy vir Fritz Mundt.

"Die hemel weet," sê die groot Duitser wat dwarsdeur die klein episode nog maar weinig belangstelling getoon het. Hy stel veel meer belang in die feit dat hy 'n bietjie voor is met die kaart-

spelery.

"As dit van my afhang, dan vat ek die ding en smyt hom deur die venster."

Hy wil ook sommer die daad by die woord voeg, steek sy hand uit maar Teuns gryp sy groot vuis vas.

"Nee, wag 'n bietjie," sê Teuns.

"Ons is nuuskierig om te weet wat dit is."

"Dalk," sê Petacci spottend, "is dit 'n pragtige robyn."

"Of dalk 'n voortreflike diamant,' werp Podolski in.

Teuns Stegmann is nie 'n man wat daarvan hou om te huiwer om te hingel of te weifel nie. Daarom steek hy sy groot hand doelbewus uit en neem die sakkie op. Hy voel-voel daaraan en daar kom 'n afgetrokke uitdrukking in sy helderblou oë.

Hy word daarvan bewus hoedat die ander belangstellend na hom kyk.

"Hoe voel dit? Wat is dit?" sê Podolski.

Teuns frons en vroetel met die sakkie tussen sy vingers. "Die gode weet," sê hy.

"Dit voel vir my soos 'n muntstuk. Soos 'n halfkroon of iets. 'n Eienaardige affêre."

"Maar my goeie hemel," sê Jack Ritchie. "Maak oop die ding, man, sodat ons kan sien wat dit is. Maak klaar sodat ons kan voortgaan met hierdie potjie kaart."

"Ek sal dit sekondeer," sê Fritz Mundt. "Noudat ek aan die wen is, nou onderbreek julle weer die pot!"

Teuns bekyk die sakkie van naderby. Dit is 'n klein kunswerk op sigself. Dit is gemaak uit die sagte vel van die woestynrot. Dit is halfrond en die bekkie van die sakkie is oulik toegetrek met 'n riempie wat daar ingeryg is.

Stadig en versigtig ryg Teuns die bek van die sak oop. Die





ander sit en tuur na die beweging van sy hande.

Teuns rek die bek van die sakkie effens oop en kyk lank en skoon verdwaas na die inhoud.

"Kom nou, kêrel," sê Frits Mundt ongeduldig.

"Wat sien jy?"

Maar hoewel Fritz so belangeloos klink, rek hy ook maar sy nek om te sien wat dit is. Hy rek sy nek net soos Petacci en al die ander.

"Nou kan jy nou meer," sê Teuns Stegmann.

Met vingers wat bewe, trek hy die voorwerp uit die klein velsakkie, draai dit in sy hand om en om en toe lê hy dit tussen hulle in die middel van die tafel neer.

Daar lê dit en glinster en blink. So skerp blink dit asof dit vir hulle 'n spesiale boodskap het.

"'n Medalje," sê Petacci snorkend.

"'n Medalje! Wat is die bedoeling daarmee?"

"Dit is nie net 'n medalje nie," sê Teuns vir die klein Italianer.

"Dit is 'n besonderse medalje."

"Ja, dit is waar," sê Jack Ritchie, neem dit op en kyk daarna.

"Hierdie is 'n hoë Britse ereteken uit die Tweede Wêreldoorlog."

"Wat?" sê Frits Mundt en gryp die medalje. Hy draai dit om en om tussen sy vingers, sy kop laag gebuig.

Die kaartspel is meteens vergeet.

Vir die manne is daar nou net die medalje. Dit is pragtig blink. Dit is goed bewaar. Dit lyk vir hulle asof dit 'n kleinnood is wat aan iemand behoort het.

En aan die medalje is daar nog die medalje-lint. Dié lyk so nuut asof dit gister uit die winkel kom.

"Wat op aarde is die bedoeling hiervan?" vra Podolski.

"Waarom het 'n Arabier dit dan hier aan ons kom oorhandig? Hoe het hy dit in die hande gekry? En waarom kom hy dit vir ons gee?"

Teuns neem weer die medalje uit Frits Mundt se hande en betrag dit aandagtig. Bekyk dit van voor, bekyk dit van agter. Toe praat hy sag.

"Kêrels," sê hy. "ek dink daar is meer aan hierdie medalje verbonde as wat ons ons verbeel. Daar moet 'n rede voor wees waarom dit in die hande van 'n Arabierse bedelaar gekom het en dat daardie bedelaar dit nou juis net aan hom kom oorhandig het. Dit is nie toeval nie. Dit is met 'n doel gedoen."

"ja," sê Petacci, "en die Arabier het nie eens om 'n aalmoes gevra voordat hy verdwyn het nie."

"Dink jy dat die bedelaar na ons gestuur is?" vra Jack Ritchie vir Teuns.

"Ek dink baie definitief so," sê Teuns. "Hy het doelbewus na ons gekom, en as hy 'n bedelaaar is, dan eet ek my kepi op."





## DIE BOODSKAP

Die paar manne daar om die tafel se belangstelling is nou sodanig geprikkel dat hulle nuuskierig deur die kafee heen kyk of hulle nie nog 'n teken van die Arabierse bedelaar sien nie. Hulle kyk die plek noukeurig deur, maar daar is nie 'n teken van die vreemde indringer nie.

Toe kyk hulle na mekaar.

In elkeen het daar iets wakker geword. Die verskynsel is so vreemd dat elkeen se gedagtes die loop geneem het. Hul belangstelling word weerspieël deur die feit dat elkeen om die beurt die medalje in sy hande neem en aandagtig beskou.

'n Militêre medalje uit die Tweede Wêreldoorlog! 'n Medalje wat op 'n warm aand deur 'n Arabierse bedelaar 'n Arabierse kafee binnegebring word en dan nogal aan manne van die Vreemdelegioen oorhandig word!

Hierdie is elemente in 'n drama wat hulle kan aanvoel maar wat hulle nie kan uitlê nie.

Uiteindelik beland die ronde blink voorwerp met sy pragtige lint weer in die hande van Teuns Stegmann.

Hierdie keer beskou Teuns dit werklik op die keper. Hy beskou dit asof dit 'n insek is wat hy onder 'n vergrootglas geplaas het. Eers betrag hy die eenkant van die medalje. Daar is maar die gewone inskripsie op die agterkant. Dit bly maar net 'n militêre medalje.

Uiteindelik betrag hy die lint van die medalje. Die kleure daarvan is pragtig. Daar is blou, daar is rooi, daar is diep purper.

Maar dit is nie die skone kleure van die medaljelint wat vir Teuns Stegmann laat koud word nie, wat sy hande skielik aan die bewe sit nie. Miskien is dit omdat hy effens bleek geword het,